Struktuur van Worcester-Vallei

Struktuur van Worcester-Vallei

Die afgelope paar jaar is baie tyd spandeer om ‘n nuwe kerkraadstruktuur te vind. In 2008 het die kerkraad ‘n taakspan saamgestel met die opdrag om vir Worcester-Vallei ‘n nuwe kerkraad- en bedieningstruktuur te ontwerp. Aan die einde van 2009 is die voorstel van die taakspan deur die kerkaad aanvaar en word dit vir een jaar (2010) op ‘n toetslopie geneem.

Alhoewel ons baie by ander gemeentes se strukture geleer het, moes ons iets ontwerp wat rekening hou met drie dinge:

- **Elke gemeente is uniek**: ons samestelling, geografie, uitdagings en die pad wat God met ons geloop het, is anders as ander gemeentes s’n.
- **Ons visie**: ons het ‘n groot en wonderlike geskenk van God ontvang in die vorm van ons visie: Brandend vir God, mekaar en die wêreld. Ons moes ‘n struktuur vind wat ons sou help om hierdie visie na te streef.
- **Wat God in hierdie tyd van ons vra**: Alhoewel God nie verander nie, verander die tye waarin ons leef. Nuwe tye bring nuwe uitdagings asook nuwe geleenthede. Ons moes leer om fyn na die Here se Gees te luister en gehoorsaam te wees aan wat Hy juis nou van ons vra.

Mens sou kon sê: ons gemeente se nuwe struktuur moes eie wees aan ons gemeente, maar ook belyn met ons visie en veral gehoorsaam aan God se droom en plan vir ons.

Die **waardes** wat die nuwe struktuur kenmerk, is:

- **Afhanklikheid van die Gees**: Strukture moet Geesvervuld wees. Geen struktuur kan nuwe lewe en volhoubare groei bring nie. Slegs die Gees kan lewe gee. Daarom wil ons voortdurend soek na die leiding en lewe wat net die Gees kan gee (Eseg 37 en Joh 3).
- Strukture wat lewe en groei bring moet gevul word met **Geesvervulde leiers**. Ons is oortuig dat die Here Sy koninkryk vestig deur gewone mense – gevul en gedra deur Sy Gees. Daarom is ons nuwe struktuur ernstig oor die biddende soeke na die regte leiers. Geestelike leiers is God se geskenk aan gemeentes. Daarom maak ons erns om ons leiers deurlopende toe te rus en hulle te versorg. Ons glo leiers moet modelleer wat ons bely. Daarom wil ons passievol vir die Here leef en voorstap deur ons toewyding en diensbaarheid.
- **Versorging is ons Bybelse opdrag**. Ons wil ‘n gemeente wees wat mekaar lief het, versorg, ondersteun, sowel as om mekaar se laste dra en mekaar op te bou. Ons verstaan al beter dat liefde die geheim van kerk-wees is. Gemeentes wat nie net oor liefde praat nie, maar dit lééf, ontdek dat al die groot dinge wat God van ons vra (getuienis, diens van barmhartigheid, toerusting, verkondiging van die verlossingsboodskap, ens) nie net moontlik raak nie, maar ook ‘n vreugde is!
- Die **Woord en gebed moet sentraal staan**. Al ons byeenkomste en vergaderings moet ‘n ontmoeting met die Here wees en ons elke keer laat ontdek dat Hy die enigste Een is wat ons kan raad gee en lei! Ons wil ons weer verwonder oor die Skrif en waag om ons lewe daarop te bou. Ons wil telkens kan getuig dat gebed kragtig is, dat die Here lewe, en dat Hy werklik in al ons behoeftes kan voorsien.
- **Mense is belangriker as strukture en agenda’s**: Alhoewel strukture belangrik is, gaan dit in die geloofsgemeenskap primêr oor verhoudings. Belangriker as goeie strukture en programme is mense. Ons wil graag ‘n gemeente wees waar mense welkom voel en waardeer word omdat hulle vir God kosbaar is. Ons eredienste en byeenkomste strewe daarna om mense met hulle volle mens-wees en gebrokenheid te laat tuis voel. Ons wil beoordeel word op grond van ons liefde vir mekaar en die wêreld.

Ons nuwe struktuur is gebou op die oortuiging dat kleiner beter is en dat ons struktuur dit moontlik moet maak dat ons mekaar ken en versorg. Kenmerke van die nuwe struktuur is onder andere

- Die **gemeente is in drie dele (blokke) gedeel**, elk met sy eie predikant. Stefaans Burden is verantwoordelik vir blok A, Rousseau Malan vir blok B en Hans Steyn vir Blok C. Die leraars se besoekpunte is nie te baie nie, wat dit vir hulle moontlik maak om beskikbaar te wees vir persoonlike kontak met die mense in hulle blok.
- **Elke leraar** word in sy bestuur van sy blok **bygestaan deur 'n Leier-ouderling**: Cassie Karstel in Blok A, Jan-Hendrik Hofmeyer in Blok B en Marie-Louise du Preez in Blok C.
- **Elke blok bestaan weer uit 7 wyke wat gelei word deur 7 ouderlinge**. Elke ouderling word weer bygestaan deur 'n groep **dienswerkers** wat help met die versorging van die lidmate in daardie wyk. Let wel: elke wyk is onderverdeel in kleiner eenhede sodat elke dienswerker nou slegs 4 of 5 besoekpunte het om te versorg. Ons glo as dienswerkers min lidmate het, toegerus word, en nie meer dankoffer by mense hoef te gaan haal nie, hulle werklik geestelike versorgers kan wees.
- Versorging van ons lidmate geskied ook deur **keingroepe** wat ten minste elke 2 weke vergader. Elke kleingroep het sy eie leier wat verantwoordelik is vir die geestelike opbou en versorging van sy/haar lede. Daarom word lede van 'n kleingroep nie deur die dienswerker besoek nie. Ons wil graag alle lidmate aanmoedig om by 'n kleingroep in te skakel omdat ons oortuig is dat dit die beste moontlikhede vir versorging en geestelike groei bied.
- Ons kerkraad is 'n **verkleinde kerkraad** wat bestaan uit 'n maksimum van 22 lede wat as volg saamgestel is:
    - Die 3 leraars,
    - 3 Leier-ouderlinge vir die blokke en 1 Ouderling uit Hooggelegen
    - die Voorsitters van die volgende bedieningsgroepe:
        - Bedieninge wat fokus daarop dat ons **Brandend vir God** moet wees: [Erediensbediening (1 persoon)];
        - Bedieninge wat fokus op ons **Brandend wees vir mekaar** (koinonia): [Kleingroepe(1), Wyke(3), Gebed en pastorale versorging(1), Jeug en Gesin(1)]
        - Bedieninge wat fokus daarop dat ons **brandend wil wees vir die wêreld** en na buite dienswerk moet verrig [Getuienis en Diens van Barmhartigheid (1), Gestuurde Gemeente(1)]
        - By dit kom ale bedieninge wat as **steundienste** wil help om ons visie waar te maak: [Finansies(1), Eiendom(1), Personeel en Diensverhoudinge(1), Administrasie(1), kommunikasie(1)]. Die verkleinde kerkraad het hoogstens 22 lede en vergader maandeliks

Die afgelope paar jaar is baie tyd spandeer om 'n nuwe kerkraadstruktuur te vind. In 2008 het die kerkraad 'n taakspan saamgestel met die opdrag om vir Worcester-Vallei 'n nuwe kerkraad- en bedieningstruktuur te ontwerp. Aan die einde van 2009 is die voorstel van die taakspan deur die kerkaad aanvaar en word dit vir een jaar (2010) op 'n toetslopie geneem.

Mens sou ons struktuur ook in die vorm van 'n diagram kon voorstel

Blok A: ds Stefaans Burden
Wyke A01 ~ A06
Leierouderling: Kassie Karstel

Wyksouderlinge

A 01	A 02	A 03	A 04	A 05	A 06
Johan Linde	Natie Jordaan	Jean de Villiers	Ulrich Pool	Anne-Marie Hofmeyr	Bertie Hanekom

Dienswerkers

Pierre Hugo Lynette Botha	Stoffel v Jaarsveld Daniel Fourie Susara Strydom Elaine Stofberg	Wilhelm Visser Hannes La Cock Dalene Roux Hennie Delport	George Wilson Petro Louw Mart Stemmet Rensia Vermeulen	Irmgard v Nieuwenh Eda Ellmann Esmé v/d Westhuizen Anne-Marie Hofmeyr Louis Marais	Christine de Villiers Toekie Calitz Annatjie du Toit

Blok B: ds Rousseau Malan
Wyke B01 ~ B06
Leierouderling: Jan-Hendrik Hofmeyer

Wyksouderlinge					
B 01 **Jannie Naude**	**B 02** **Kerneels Strydom**	**B 03** **Daantjie Brink**	**B 04** **Jan v/d Westhuizen**	**B 05** **Kenny Stevens**	**B 06** **Maretha Hofmeyr**
Dienswerkers					
Jannie Naude	**Johan Kershoff** **Kerneels Scholtz** **Esté Hugo** **Sarel de Vries** **Ronel Henze** **Ronel Phyffer** **Linda Groenewald**	**Nerina Brink** **Carmen/Phillip Barnard** **Gerhard Pienaar** **Casper Gous** **Johan van Wyk** **Johan Burger** **Wilna Jordaan**	**Lynette Marais** **Tokkie Baird** **Annie Le Roux** **Jan v/d Westhuizen**	**Barend Havenga** **Tertia Smit** **Arco Harteveld** **Anita Schoeman**	**Anna Louw** **Hannie Bonzet** **Susan du Toit**

Blok C: ds Hans Steyn
Wyke C01 ~C07
Leierouderling: Marie Louise du Preez

Wyksouderlinge

C 01	C 02	C 03	C 04	C 05	C 06	C 07
Monty Coleman	Bettie Swanepoel	Andre Steyn	Randolph Teitge	De Wet Wolfaardt	Cor Le Roux	Ellen du Toit

Dienswerkers

Anja Warnich Gerrit Dippenaar Monty Coleman Marié-Louise d Preez	Ricus Strauss Bettie Swanepoel Madie v Zyl Louise Conradie	Lenie Fick Cathy Hugo Lizette Barnard Freek Barnard	Faffa Le Roux Heléne le Roux Bennita du Toit Jaco Ramsauer	Mariana Viljoen Johlene Coetzee De Wet Wolfaardt	Leon Steyn Koos Wagener Gail Orban Olive Mercuur Cor Le Roux	Klara Jacobs Elsa Wentzel